

DIE „DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE" IN DIE
ONDERWYSORDONNANSIE VAN 1953 VAN
TRANSVAAL

'n Histories-prinsipiële Studie

IZAK JOHANNES GROVE

B.A.Hon.,Dipl.Byb.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die

M.A.-graad

aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Studieleier: Mnr. G.N. van den Bergh

Hulpleier: Dr. J.H. van Wyk

1970.

D A N K B E T U I G I N G

Aan God ál die eer!

'n Besondere woord van dank aan my studieleier, mnr. G.N. van den Bergh, vir u positiewe leiding. Met geduld en opoffering van u kosbare tyd het u altyd vriendelike raad en leiding gegee waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie.

Aan my hulpleier, dr. J.H. van Wyk, ook my hartlike dank en waardering vir u simpatieke en besielende leiding. Dit was 'n voorreg om onder u onvermoeide ywer en aandag aan hierdie studie te werk.

Aan my gesinslede wat veel moes opoffer, baie dankie.

My opregte dank en waardering aan my kollegas in die Departement Bybelkunde vir hulle hulp en steun.

My bedede is dat hierdie studie mag dien as aansporing in die onderwys vir 'n toegewyde strewe na christelike onderwys in al sy fasette.

--- oOo ---

	<u>Bladsy</u>
<u>INLEIDING</u>	1
<u>HOOFSTUK 1</u>	
DIE HISTORIESE VERLOOP VAN GODSDIENSONDERRIG IN SUID- AFRIKA MET BESONDERE VERWYSING NA DIE HERKOMS VAN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE IN DIE KAAP EN TRANSVAAL .	4
1.1 Die Kaapse onderwysstelsel onder die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (V.O.C.) as voortsetting van die onderwysstelsels wat in die Nederlande gedurende die 17e en 18e eeu geheers het	4
1.1.1 Inleiding	4
1.1.2 Godsdiensonderrig in die Nederlande ge- durende die 17e en 18e eeu	4
1.1.3 Godsdiensonderrig aan die Kaap gedurende die 17e en 18e eeu	9
1.2 Godsdiensonderrig gedurende die Bataafse Tyd- perk (1803-1806) as voortsetting van die rewo- lusionêre gees in Europa gedurende die 18e en 19e eeu	11
1.3 Godsdiensonderrig aan die Kaap gedurende die 19e eeu as weerspieëling van die onderwysbeleid in Brittanje	15
1.3.1 Die onderwysbeleid in Brittanje t.o.v. godsdiensonderrig gedurende die 19e eeu .	15
1.3.2 Godsdiensonderrig aan die Kaap gedurende die 19e eeu	22
1.4 Godsdiensonderrig in die Zuid-Afrikaansche Re- publiek (1872-1906)	28
1.4.1 Die tydperk 1852-1902	28
1.4.2 Die tydperk 1902-1906	36
1.5 Samevatting	38

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAAN VAN DIE SMUTSWET VAN 1907 EN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS- ORDONNANSIE VAN 1953	44
2.1 Ter inleiding	44
2.2 Die filosofiese denkrigting van Smuts met be- sondere verwysing na sy onderwyswetgewing van 1907	45
2.3 Die invloed van Smuts se staatkundige idees op sy Onderwyswet	48
2.4 Smuts skep die klimaat vir sy Onderwyswet van 1907	50
2.5 Onderwyswet No. 25 van 1907 (Smutswet)	52
2.6 Die C.N.O.-beweging se verset teen die Smuts- wet van 1907	55
2.7 Van die Onderwyswet van 1907 na die Onderwys- ordonnansie No. 29 van 1953	59

HOOFSTUK 3

'N KRITIESE BEOORDELING VAN DIE DOGMAKLOUSULE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSORDONNANSIE NO. 53 VAN 1953	66
3.1 Inleiding	66
3.2 Leerstellige godsdiensonderrig is noodsaaklik ..	70
3.3 Godsdiensonderrig volgens die geloofswaarhede van die Drie Formuliere van Enigheid is die enigste ware godsdiensonderrig	71
3.3.1 Wat onder geloofswaarhede verstaan word .	71
3.3.2 Die geloofswaarhede op eie bodem	73
3.4 Die humanistiese oorsprong van die dogma- klousule	74
3.4.1 Die religieuse grondmotief wat aan dié klousule ten grondslag lê	74
3.4.2 Die humanisme oorgeplant in die onderwys in Suid-Afrika, in besonder die invloed daarvan op bepalings vir godsdiensonder- rig	77
3.4.3 Die humanisme soos dit hom in die gods- diensonderrig openbaar	85
3.5 Besware (iii)	

3.5	Besware teen die negatiewe inhoud van die dogmaklousule	86
3.6	Samevatting	90

HOOFSTUK 4

'N POSITIEWE HERBENADERING VAN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE	92
4.1 Inleiding	92
4.2 Godsdiensoonderrig as bepalende faktor by die vorming van die lewens- en wêreldbeskouing	93
4.3 Die aard van godsdiensoonderrig op skool	96
4.4 Die eis van die doel van godsdiensoonderrig	98
4.5 Die geloofsoortuiging van die onderwyser	100
4.6 Die geloofsoortuiging van die ouers	103
4.7 Geloofstukke verskillend geïnterpreteer	105
4.8 Samevatting van die riglyne vir herformulering van die dogmaklousule	106
4.9 Voorgestelde herformulering	107
4.10 Samevattend	109

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	112
---------------------------	-----

BYLAES A, B, C, D

DIE "DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE" IN DIE ONDERWYS-
ORDONNANSIE VAN 1953 IN TRANSVAAL

'n Histories-prinsipiële Studie

INLEIDING

Die aard van die godsdiensonderrig in die laer- en middelbare skole van Transvaal word bepaal deur artikel 53 van Ordonnansie No. 29 van 1953.⁽¹⁾

Uit hierdie artikel word veral twee kenmerke afgelei wat die aard van die huidige stelsel van godsdiensonderrig in die laer- en middelbare skole kenskets, nl. dat dit onsek-taries⁽²⁾, dit wil sê bo geloofsverdeeldheid en vry van leerplig is⁽³⁾, met ander woorde dat die gewete van ouers nie gedwing word nie en dat hulle hul kinders aan die godsdiensonderrig kan onttrek. Slegs 'n onderwyser in die personeel van sodanige skool mag, alleenlik sonder gewetensbeswaar, godsdiensonderrig aldaar doseer.⁽⁴⁾

Hierdie verhandeling beoog om 'n histories-prinsipiële studie van die klousule te maak.

Die probleem is soos volg aangepak: Hoofstuk 1 gee 'n historiese oorsig van die godsdiensonderrig in die twee ver-naamste stamlande (Nederland en Brittanje) gedurende die 17e tot die 19e eeu waardeur aangetoon word dat die klimaat vir 'n kleurlose godsdiensonderrig in Suid-Afrika reeds toe oorsee geskep is.

Die Kaapse onderwysstelsel onder die Kompanjie word aangetoon as maar net 'n voortsetting van die stelsel wat reeds in Nederland geheers het gedurende die 17e en 18e eeu. Die

-
- (1) Sien Bylaag B.
(2) Ibid., art. 53(4).
(3) Ibid., art. 52(2) en (3).
(4) Ibid., art. 53(5) en (6).

Bataafse tydperk aan die Kaap toon eweneens die invloed en voortsetting van die rewolusionêre gees in Europa (18e eeu). Die Britse 19e eeuse tydperk word beskrywe om aan te toon hoe die beleid van Brittanje in die onderwys in Suid-Afrika weer-spieël was en 'n onderwys bo geloofsverdeeldheid verder deur dié beleid verstewig was. Voorts word daarop gewys hoedat die konfessionele aard van die godsdiensonderrig in die Suid-Afrikaanse Republiek spoedig verdwyn het onder die bewind van pres. T.F. Burgers en daarna 'n proses van afwatering ondergaan tot en met die Milner-Sargantbewind van 1903-6.

Die neutraliteitsgedagte wat in hoofstuk 1 beskrywe word en wat reeds in die Britse onderwyswette aanwesig was en ook deur bewindhebbers aan die Kaap en deur Burgers in Transvaal ingevoer is, word in hoofstuk 2 by die bespreking van die Smuts-onderwyswet van 1907, verder beskrywe. Smuts se onderwyswet, veral die godsdiensonderrigbepalings daarvan, was 'n poging om dié twee rigtings, nl. die breë liberale Britse onderwysstelsel en die christelik-nasionale stelsel te konsolideer om sodoende 'n gemeenskaplike grondslag te bewerkstellig om beide blanke bevolkingsdele in Transvaal tevrede te stel. Die Smutswet het bly voortbestaan tot 1953 met die totstandkoming van 'n nuwe onderwysordonnansie. Die Onderwysordonnansie van 1953 van Transvaal is wesenlik dieselfde as die Smutswet van 1907, behalwe dat enkele woorde in die dogmaklousule vervang is. Daar sal voorts aangetoon word dat die dogma- en gewetensklousule eintlik 'n kompromiepoging is tussen twee denkrigtings, nl. die liberaal-humanistiese en die christelik-nasionale.

In hoofstuk 3 word 'n kritiese beoordeling van die dogma- en gewetensklousule gemaak. Daarin word aangetoon dat godsdiensonderrig sonder dogma onmoontlik is. Daar sal aangetoon word dat die betrokke klousules 'n humanistiese oorsprong het, dat die dogmaklousule negatief geformuleer is en dat dit 'n bydrae tot kleurlose godsdiensonderrig in ons skole lewer. Die klousule rym ook nie met die Departementele sillabusse vir godsdiensonderrig in Transvaalse skole nie en is ook nie in ooreenstemming met die Onderwyswet No. 39 van 1967 nie.

In hoofstuk 4 word 'n poging aangewend tot 'n positiwe herbenadering van die dogma- en gewetensklousule, met 'n aanbeveling tot herformulering van die betrokke klousules sodat dit in ooreenstemming kan wees met die algemene onderwysbeleid en met Wet 39 van 1967.

--- oOo ---